

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 31: Emor (אמר) – Spreek, Praat, Sê.

יהוה het vir Moshe gesê: Praat met die priesters, die seuns van Aharon en sê vir hulle. Lev. 21:1 en 2 – PWL¹.

Torah: Lev. 21:1 tot 24:23.

Haftorah: Eseg. 44:15 tot 31.

Nuwe Verbond: Rom. 12:1–2; 1 Pet. 2:9; Heb 12:14; 1 Pet. 1:13–17; Hebr. 7:26; Kol. 2:16–17; Matt. 5:16; Efes. 5:8; Joh. 1:4,9; 8:12; 2 Kor 4:6; Matth. 5:38–42; Jak. 2:1–9; 1 Pet. 1:17.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 31 wat afgelaai kan word by: [Parashah31Notas14](#) en by [Parashah31Notas15](#).

It is the Almighty's job to judge between the intentions of the heart and the actions of the person – Dani'el Rendelman.

There is all the difference between the Holy Spirit and the Spirit of Truth. Many Christians receive a Torahless Holy Spirit, but it is not the Spirit of Truth which guides us into all truth – Norman Willis.

The reason why the Ten Commandments are short and clear is that they were handed down direct, not through several committees – Dan Bennett.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL Vertaling, behalwe waar anders vermeld. Die PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch, maar is ook nou in gedrukte formaat beskikbaar. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

We can easily forgive a child who is afraid of the dark; the real tragedy is when men are afraid of the light – Plato.

Torah Bespreking

Yeshua die Fondament en die Hoeksteen!

Die eerste Hebreuse letter van die eerste woord van Torah (*b'reisheet*) is *bet/vet* (ב) en beteken *huis* of *tent* (letterlik) en *huishouding*, *hoof van die huis* en *koning op 'n troon* (simbolies). Die letter *bet* is dus 'n sinnebeeld van 'n huis en 'n huishouding en die Vader van die huis, asook van 'n koning en koninkryk. Hierdie huis en huishouding sinspeel dus op die huis van YHVH. Voor die sondeval was die tuin van Eden YHVH se 'huis' en 'tempel' waar Hy saam met die mens 'gewoon' het – in hulle midde! YHVH het hierdie 'tuinwoning' volgens Sy plan geskape.

Die tabernakel was ook die huis van YHVH. Moses moes hierdie tabernakel volgens YHVH se plan bou.

Jy moet die tabernakel oprig volgens die plan wat vir jou op die berg gewys is. Ex. 26:30.

Die eerste tempel was ook die huis van YHVH. Net soos Moses moes Dawid en sy seun Salomo die tempel volgens YHVH se plan bou.

Dawid het aan sy seun Shlomo die planne gegee van die stoepe en die mates van die huis en van sy skatkamers en van sy boonste vertrekke, die binneste en buitenste portale, die boonste en onderste portale; asook 'n plan vir die skatkamers en vir die kamers van diens van die huis van יהוה en die kamers van die kokke en die huisknegte en die kamers van hulle wat in beheer is van die lampe; ook van die afdelings van die priesters en die Leviëte en vir al die dienswerk in die huis van יהוה en vir al die gereedskappe vir die diens in die huis van יהוה.

1 Kron. 28:11 tot 13.

YHVH woon dus slegs in 'n huis wat volgens Sy plan gebou word! Geen ander woning wat volgens die mens se planne opgerig word, is 'n geskikte woning vir YHVH nie!

Beide die tabernakel en die tempel was egter 'n sinnebeeld van die woning waarin YHVH uiteindelik wil woon, naamlik in die mens.

Stene wat verstrooi, of op klein hopies, op 'n bouterrein lê, het slegs waarde indien dit gebruik word om 'n huis mee te bou. Die huiseienaar moet die bouer opdrag gee om die huis te bou volgens die goedgekeurde plan. Alleenlik dan sal die stene werklike waarde het, veral as dit deur 'n vakman gebou word sodat die huis storms kan weerstaan.

Ons wat deur vertrouwe in Yeshua as die Messias met YHVH versoen is, is lewende stene wat deur die Afgesonderde Gees as 'bouer' gebruik word in die bou van 'n geestelike tempel waarin geestelike offers gebring word wat vir God aanvaarbaar is. YHVH is die 'Huiseienaar' en Hy het die planne opgetrek en goedgekeur. Die Fondament en Hoeksteen van hierdie huis is Yeshua en YHVH self het beide gelê. Die Apostel Petrus beskryf dit in 1 Pet. 2:5 tot 10 soos volg:

Julle word net so as lewende stene opgebou en julle het 'n geestelike tempel en afgesonderde priesters geword, om geestelike offers te bring wat vir God aanvaarbaar is deur Yeshua, Die Gesalfde Een.

Dit word gesê in die Skrifte: "Let op, Ek lê in Tziyon 'n goedgekeurde en kosbare Hoeksteen en die wat in Hom vertrou, sal nooit beskaam word nie."

Vir die wat aanhou vertrou, is hierdie eer gegee, maar vir die wat nie vertrou nie is Hy: "'n Klip van struikeling en 'n Rots van aanstoot" en hulle struikel daarvoor deurdat hulle nie die boodskap gehoorsaam nie, want hiervoor is hulle aangestel.

Julle is 'n gekose nasie, om te dien as priesters in die Koninkryk, 'n afgesonderde volk, bymekaargemaak en bevry, om die lofprysinge van Hom, wat julle uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig, julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; vir wie niemand omgee het nie, maar nou word omgee oor julle uitgestort.

Paulus stel dit ook baie duidelik dat niemand 'n ander fondament as Yeshua, Die Gesalfde Een, moet lê nie (1 Kor. 3:11). Yeshua is die waardevolle Hoeksteen! Die hoeksteen is die eerste steen van 'n huis wat in plek geplaas word en wat die verwysingspunt is vanwaar alle ander stene mee gebou word. Yeshua is dus ons 'verwysingspunt'.

Die ware geestelike huis van YHVH word gebou op die Fondament van Yeshua wat ook die Hoeksteen is. Elkeen wat vertrou in Yeshua as Messias en wat YHVH se Torah gehoorsaam is, word opgebou tot 'n individuele en korporatiewe tempel van YHVH (1 Kor. 3:16; 1 Kor. 6:19).

Julle is daarom nie meer vreemdelinge en besoekers nie, maar inwoners van die Stad van die Afgesonderde Een en kinders van die familie van God. Julle word opgebou op die fondasie van die afgevaardigdes en die profete, met Yeshua, Die Gesalfde Een, self die Hoeksteen van die gebou. In Hom word die hele gebou aanmekaar gesit en dit groei tot 'n afgesonderde tempel in eenheid met יהוה terwyl julle ook vir Hom gebou word tot 'n blyplek van God in die Gees. Efes. 2:19 tot 21.

In 1 Kor. 3:11 skryf Paulus dat Yeshua is die fondament van YHVH se huis, en in Efes. 2:20 dat die fondament is die apostels en die profete. Die betekenis hiervan is dat beide die profete en die apostels was die verkondigers van die Boodskap (Woord) van YHVH. Die plan van YHVH vir Sy huis behels dat in Yeshua, die vleesgeworde Boodskap, moet die hele gebou aanmekaar gesit word en moet dit groei tot 'n afgesonderde tempel in eenheid met יהוה, terwyl ons elkeen ook vir Hom gebou word tot 'n blyplek van God in die Gees. Vir hierdie doel het YHVH:

.....sommige as afgevaardigdes, sommige as profete, sommige as boodskappers van die goeie boodskap en sommige as herders en sommige as leermeesters gegee, om die afgesonderdes volledig te maak vir hulle dade in die bediening tot opbouing van die liggaam van Die Gesalfde Een totdat ons almal een sal wees in vertroue en in kennis van die Seun van God, een man, tot die mate van die volgroeiheid van Die Gesalfde Een. Ons sal ook nie meer kinders wees wat geskud word en gepla word deur elke wind van lering nie; deur die bedrog van mense, wat deur slinksheid beplan om te mislei nie, maar ons is standvastig in liefde sodat alles waarmee ons besig is, mag vermeerder in Die Gesalfde Een, wat die Hoof is en vanuit Hom is die hele liggaam inmekaargepas en een gemaak by elke ligament, volgens die gawe wat elke ledemaat na mate ontvang het, vir die groei van Sy liggaam sodat Sy gebou in liefde voltooi kan word. Efes. 4:11 tot 16.

Let op dat YHVH die vyfvoud-bediening van afgevaardigdes (apostels), profete, boodskappers van die goeie boodskap (evangeliste), herders en leermeesters gegee het vir die groei (die bou) van Sy liggaam sodat die gebou in liefde voltooi kan word sodat ons almal een sal wees in vertrouwe en in kennis van die Seun van God, een man, tot die mate van die volgroeiheid van Die Gesalfde Een.

Alleenlik in Yeshua word die hele gebou aanmekeer gesit volgens YHVH se plan volgens die nuwe verbond en kan dit groei tot 'n afgesonderde tempel in eenheid met יהוה, terwyl ons elkeen ook vir Hom gebou word tot 'n blyplek van God in die Gees.

Bepeins of Bespreek

1. Is Yeshua die Fondament en Hoeksteen van die (geestelike) huis wat Rabbynse Judaïsme bou? Is Yeshua as die Lam van God deel van die 'plan' van die derde tempel wat binnekort gebou gaan word? Die antwoord op beide vrae is 'n besliste 'nee'! Dan moet ons tog vra: Hoe kan so baie gelowiges van die Christendom en van die Messiaanse Beweging dan hulle goedkeuring en ondersteuning gee met dit waarmee Rabbynse Judaïsme besig is?
2. Aan watter huis bou jy as individu, maar ook korporatief (saam met medegelowiges)? Aan die huis van Rabbynse Judaïsme of aan die huis van Yeshua? Bou jy aan die huis van Yeshua deur slegs te fokus op die eerste vyf boeke van die Skrifte en Rabbynse Judaïsme se verklaring daarvan terwyl jy die bedieninge en gawes van die Afgesonderde Gees afskeep? Waar moet ons fokus as gelowiges in Yeshua as die Messias wees?
3. So dikwels word gesê dat die Torah met die hulp van Rabbynse Judaïsme bestudeer word om die Vaderhart beter te verstaan. Maar onthou: Rabbynse Judaïsme verstaan net 'n deel van die Vaderhart, want hulle het Yeshua, en derhalwe die Skrifte van die nuwe verbond, verwerp! Daarom is hulle besig om hulle huis op sand te bou, want hulle het die Rots, Yeshua, verwerp! Wanneer die storm van die einde van die eeue op sy ergste woed, sal hulle huis nie staande bly nie! Yeshua het gesê: *Elkeen wat na hierdie woorde van My luister en dit nie doen nie, sal vergelyk word met 'n dwase man wat sy huis op die sand gebou het* (Matt. 7:26).
4. Stem jy met die volgende siening saam:

*First Fruits of Zion observes the commandment of Passover and Unleavened Bread according to the traditional Jewish reckoning of the year. Although it is true that the year was determined by examination of the barley crop and fruit trees in the Apostolic times and the Mishnaic age, it was the Sanhedrin that conducted the examination and made the determination. **Only the duly ordained and recognized leadership of the Jewish community—those that sit in the seat of Moses—actually have the authority to determine New Years and calendars.***

Lees Matt. 23:1 tot 8. Om op die stoel van Moses te sit beteken om die leermeesters van Torah te wees. Sit Rabbynse Judaïsme vandag steeds op die stoel van Moses (Matt. 23:2)? Kan jy iemand die volle waarheid van Torah leer sonder Yeshua en sonder die Skrifte van die nuwe verbond? Let op vers 8 waar Yeshua sê dat slegs Hy is ons ware Leermeester (Rabbi). Wie is jou Rabbi? Hierdie vraag word bespreek in 'n artikel wat afgelaai kan word by: [Okt15Leermeester](#)

Praat Met Die Priesters

יהוה *het vir Moshe gesê: Praat met die priesters, die seuns van Aharon en sê vir hulle....*
Lev. 21:1.

Wat sal Yeshua vandag vir ons, Sy priesters volgens die orde van Melgisédek, sê? Dit kan soos volg opgesom word:

Alle outoriteit in die hemel en op aarde is aan My gegee en soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle. Gaan daarvolgens, maak studentevolgelinge van al die nasies, doop hulle in die Outoriteit en Karakter van die Vader en die Seun en die Gees van Afsondering en onderrig hulle sodat hulle alles sal gehoorsaam wat Ek julle beveel het en let op, Ek is saam met julle al die dae tot aan die einde van die heelal. Dit is waar. Matt. 28:18 tot 20.

Die vraag is of ons bereid is om onder die outoriteit van Yeshua te gaan en dissipels (studentevolgelinge) van alle nasies te maak en of ons toegerus is om hulle te onderrig aangaande alles wat Yeshua ons geleer het?

Om hierdie opdrag uit te voer is dit eerstens baie belangrik om afgesonder vir YHVH te wees, asook om afgesonder van die wêreld te leef deur nie meer deel te hê aan ons vorige begeertes nie.

Bind daarom die heupe van julle verstand vas, wees volkome waaksaam en verwag die onverdiende guns wat julle deel word by die openbaring van Yeshua, Die Gesalfde Een, soos gehoorsame kinders en moenie weer deel kry aan julle vorige begeertes wat julle sonder kennis begeer het nie, maar wees afgesonderdes in al julle lewenswyses, soos wat Hy wat julle geroep het, afgesonderd is omdat daar geskrywe is: "Wees afgesonderd, soos Ek afgesonderd is." 1 Pet. 1:13 tot 16.

Die priesters van die Levitiese priesterorde was volgens geboorte, uit die nageslag van Aäron, as priesters aangestel en gekies om bepaalde dienswerk te verrig. Net so word ons deur wedergeboorte in die amp van priester aangestel om dienswerk in YHVH se Koninkryk te verrig.

Die Levitiese priesters was toegerus (opgelei) vir hulle taak. As priester volgens die orde van Melgisédek is ons ook gekies en toegerus om diens te verrig in ten minste een van die volgende bedieninge, naamlik: as afgevaardigde (apostel) of as profeet, of as boodskapper van die goeie boodskap (evangelis) of as herder of as leermeester (leraar). Ons word toegerus vir dienswerk deur die gawes van die Afgesonderde Gees wat aan elkeen die manifestasie van die Gees gee as hulp, krag en outoriteit. Paulus verduidelik dit soos volg:

Daar is 'n verskeidenheid van gawes, maar die Gees is Een.

Daar is 'n verskeidenheid van bedieninge, maar יהוה is Een.

Daar is 'n verskeidenheid van wonderwerke, maar God wat alles in elke persoon werk, is een God,

maar aan elke persoon word die manifestasie van die Gees gegee soos dit hom help.

Daar word aan hom, deur die Gees, 'n boodskap van wysheid gegee, maar aan 'n ander 'n boodskap van kennis, in hom, deur die Gees;

aan 'n ander vertrou in hom deur die Gees, aan 'n ander die gawe van gesondmaking in hom deur die Gees, maar aan 'n ander wonderwerke, aan 'n ander profesie, aan 'n ander onderskeiding van geeste, aan 'n ander verskillende tale en aan 'n ander die vertaling van tale.

Al hierdie dinge doen die een Gees en deel uit aan elkeen soos Hy wil. 1 Kor. 12:4 tot 11.

Elkeen ontvang hierdie geestelike gewes om te gebruik om mekaar en die gemeente mee te dien en op te bou.

Laat elkeen van julle sy naaste met die geestelike gewes wat hy ontvang het, dien soos goeie hoofde van die unieke huis van onverdiende guns van God. 1 Pet. 4:10.

As Melgisédek priesters is ons taak die opbouing (stigting) van mekaar en die uitbreiding van YHVH se Koninkryk. Ons moet die vrede en die opbouing (onderlinge stigting) van mekaar najaag (Rom. 14:19). Dit beteken dat ons onderrig en daad moet bydra tot die bevordering van geestelike groei en geestelike volwassenheid van ander en van die gemeente.

Ons bediening en die gemanifesteerde gewes van die Gees wat ons ontvang het moet aangewend word om die ware tempel van YHVH, naamlik die gemeente – die Liggaam van Yeshua – te bou! Daarom verduidelik Paulus die eenheid wat in die Liggaam van Yeshua moet bestaan, en elkeen se rol as deel van die gemeente, soos volg in 1 Kor. 12:12 tot 22:

want net soos die liggaam een is en baie ledemate het, maar al die dele van die liggaam, al is hulle baie, een liggaam is; so ook met Die Gesalfde Een, want ons is ook almal deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Arameërs, slawe of vrymanne is en ons is almal van een Gees gegee om te drink, want ook die liggaam is nie een ledemaat nie, maar baie.

As die voet sou sê: 'Omdat ek nie die hand is nie, is ek nie deel van die liggaam nie', is hy daarom nie deel van die liggaam nie?

As die oor sou sê: 'Omdat ek nie die oog is nie, is ek nie deel van die liggaam nie', is hy daarom nie deel van die liggaam nie?

As die hele liggaam 'n oog was, waar sou die gehoor wees? As alles gehoor was, waar sou die reuk wees?

Nou het God egter elkeen van die ledemate in die liggaam gesit, net soos Hy wil.

As almal een ledemaat was, waar sou die liggaam wees?

Nou is daar egter baie ledemate, maar net een liggaam.

Die oog kan nie vir die hand sê: 'Ek het jou nie nodig nie;' of ook die kop vir die voete: 'Ek het julle nie nodig nie,'

maar veel eerder is dié ledemate van die liggaam, wat as swak beskou word, noodsaaklik en dié ledemate van die liggaam wat ons dink skandelik is, gee ons oorvloediger waarde en die minder mooi, oorvloediger elegansie

terwyl ons mooi gevormde ledemate dit nie nodig het nie, maar God het die liggaam saamgestel en aan die ledemaat wat klein is oorvloediger waarde gegee

sodat daar geen verdeeldheid in die liggaam mag wees nie, maar dat die ledemate dieselfde vir mekaar mag omgee. 1 Kor. 12:12 tot 25.

Ons is almal deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Arameërs, slawe of vrymanne is en ons is almal van een Gees gegee om te drink, want ook die liggaam is nie een ledemaat nie, maar baie en in Yeshua moet ons eensgesind wees.

Daarom sê Yeshua ook aan ons Sy priesters:

Julle weet dat die heersers van die nasies baas speel oor hulle en die leiers outoriteit het oor hulle, maar só moet dit onder julle nie wees nie, maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees en wie ook al tussen julle die eerste wil wees, moet julle slaaf wees;

net soos die Seun van die mens nie gekom het om bedien te word nie, maar om te dien en Homself as 'n Losprys vir baie te gee." Matt. 20:25 tot 28.

As priesters is ons geroep om te dien en nie gedien te word nie!

Die priesters het die opdrag om ander te leer en moet self dit leef wat hulle ander leer (Lev. 10:10 en 11; Eseg. 44:23 en 24; 1 Tim. 4:12). Ons moet ons daarop toespits om werkers (priesters) te wees wat die boodskap van Waarheid reguit (suiwer) verkondig (2 Tim. 2:15). Daarom moet ons ag gee op die waarskuwing in Matt. 5:20 toe Yeshua gesê dat as ons onpartydige opregtheid (geregtigheid) nie baie meer is as dié van die leraars van die wet en die Fariseërs nie, sal ons sekerlik nie in die Koninkryk van die hemel ingaan nie!

'n Groot gevaar is die gevaar van eie geregtigheid (Rom.10:1 tot 3). Daarom is die opdrag dat ons eerstens YHVH se geregtigheid sal soek, dit doen en dit verkondig (Matt. 6:33)!! Die Levitiese priesters was die sinnebeeld van YHVH se geregtigheid onder die ou verbond en vandag moet die Melgisédek priesters die sinnebeeld van YHVH se geregtigheid van die nuwe verbond wees.

Yeshua is YHVH se geregtigheid (2 Kor. 5:21)! Daarom rig Rabbynse Judaïsme hulle eie geregtigheid op, want hulle verwerp Yeshua as YHVH se geregtigheid soos wat Paulus dit in Rom. 10:1 tot 3 verduidelik.

Bepeins of Bespreek

1. Sommige is van mening dat ons nie 'n onderskeid kan maak tussen die Torah van Moses en die Torah van Yeshua nie. Is dit waar? Die brief aan die Hebreërs verskaf ondermeer vir ons die antwoord wanneer dit die verskille tussen die ou verbond, naamlik die Torah van Moses, en die nuwe verbond, naamlik die Torah van Yeshua, verduidelik soos byvoorbeeld ten opsigte van die priesterorde, offerandes en tempel. Die basis van beide bly egter dieselfde, naamlik die Torah van YHVH.
2. Yeshua het aan ons gesê om studentevolgelinge (dissipels) van al die nasies te maak en om hulle te onderrig sodat hulle alles sal gehoorsaam wat Hy ons beveel het. Maar Yeshua het geen onderrig aangaande die vyfvoud-bediening en die gawes van die Afgesonderde Gees gegee nie! Nee, dit was die taak van die apostels wat daagliks saam met Yeshua gewandel het, en spesifiek die taak van Paulus aan wie Yeshua Homself openbaar het. Is die feit dat Yeshua nie self hierdie onderrig gegee het nie, die moontlike rede hoekom baie in die Messiaanse Beweging nie hieroor lering gee nie en sommige selfs Paulus verwerp as 'n vals apostel? Diegene met hierdie siening vergeet Yeshua se woorde aan sy dissipels in Joh. 16:12 en 13 wat duidelik sê dat hulle nie gereed is om alles nou te ontvang en te verstaan nie, maar dat die Afgesonderde Gees hulle in die hele waarheid sal lei. Is hierdie hele waarheid dan nie ook ten opsigte van die vyfvoud-bediening, die gawes van die Gees en die verandering in die priesterorde en offerandes nie?
3. Het die terugkeer na ons Hebreuse wortels veroorsaak dat die fokus op die bediening en gawes van die Afgesonderde Gees as te ware verdwyn het? Is die woorde in Jer. 6:16 ook op ons van toepassing? Moet ons nie ook terugkeer na die ou paaie en die goeie weg van die gemeente van handeling en van die apostels nie?

Levitikus 23: Die Bestemde Tye van YHVH

Een van die hoogtepunte van hierdie week se Torahskriflesing is die onderrig en instruksies aangaande die Bestemde Tye (Feesty) van YHVH. In die notas van 2014 wat afgelaai kan word by [Parashah31Notas14](#) word die verskillende Bestemde Tye meer volledig bespreek.

Met hierdie jaar se Torah Skriflesingsiklus, en weens verskillende kalenders wat gevolg word, het sommige reeds Shavout gedenk en terwyl die wat die kalender van Rabbynse Judaïsme volg dit nog gaan gedenk. Daarom is dit gepas om weer te besin oor die betekenis en doel van hierdie belangrike afspraak van die Vader met Sy kinders.

Fesseisoene

Die Vasgestelde Tye van YHVH, soos ondermeer in Levitikus 23 uiteengesit word, kan in drie fesseisoene verdeel word, naamlik:

- Pesag wat bestaan uit drie opeenvolgende feeste, naamlik: Pesag (Paasfees), Fees van Ongesuurde Brood en die Fees van die Eerstelingsgerf (Eerstelinge).
- *Shavuot* ook bekend as Pinksterfees en Fees van Weke.
- *Sukkot* ook bekend as die Loofhuttefees wat bestaan uit drie opeenvolgende feeste, naamlik die Fees van Trompette (*Yom Teruah*; en volgens Rabbynse Judaïsme ook as *Rosh Hashanah* – die begin van die nuwe jaar volgens Israel se burgerlike kalender), Die Dag van Versoening (*Yom Kippur*) en die Fees van Tabernakels (*Sukkot*).

Die eerste fesseisoen, naamlik Pesag, word 50 dae later (7 weke plus 1 dag) gevolg deur die tweede fesseisoen met die viering van *Shavuot* (Pinkster). Hierdie 50 dae staan bekend as die tel van die omer wat op die dag van die Fees van die Eerstelingsgerf begin (Lev. 23:15 en 16).

Shavuot beteken *weke* en daarom is hierdie feestyd ook bekend as die Fees van Weke (Eks. 34:22). Pinkster is afkomstig van die Griekse woord *Pentekoste* wat *vyftigste* beteken. Daar is egter verskillende meninge oor wanneer die tel van die 50 dae (die tel van die omer) moet begin. Die meningsverskil bestaan weens verskille oor na watter Shabbat daar in Lev. 23:11, 15 en 16 verwys word. Is dit die weeklikse Shabbat of die eerste Shabbat van die Fees van Ongesuurde Brood? Onthou: Die eerste en die sewende dag van die Fees van Ongesuurde Brood is 'n afgesonderde (heilige) vierdag en dus 'n Shabbat (Lev. 23:7 en 8).

Rabbynse Judaïsme volg die metode soos deur die Fariseërs gebruik word en begin die tel van die *omer* op die dag wat die beweegoffer vir die Fees van die Eerstelingsgerf gebring word, naamlik die 16e dag van die maand Nisan (Aviv), en dus die dag na die eerste Shabbat van die Fees van Ongesuurde Brood en nie op die dag na die weeklikse Shabbat nie. Derhalwe word *Shavuot* altyd op dieselfde datum, naamlik die 6e dag van die maand bekend as Sivan gevier. Die Karaïete volg egter die metode van die Saddusëers en tel die omer vanaf die dag na die weeklikse Shabbat wat volg op die eerste Shabbat van die Fees van Ongesuurde Brood. Hiervolgens word *Shavuot* altyd op dieselfde dag van die week (naamlik Sondag – die eerste dag van die week) gehou, maar nie op dieselfde datum nie.

Shavuot – Fees Van Weke (Pinkster)

Judaïsme gedenk *Shavuot* as die dag wat YHVH Sy Torah by die berg Sinai aan Moses gegee het 50 dae na hulle uit Egipte weg is. Daarom staan hierdie Vasgestelde Tyd ook bekend as die *Fees van die gee van ons Torah*. Hiervolgens word Pesag gesien as die fisiese bevryding van die Egiptiese slawejuk, terwyl *Shavuot* (die gee van die Torah) die geestelike bevryding van afgodediens en immoraliteit is. Die Jode is baie spesifiek oor die *gee* van die Torah en nie oor die ontvangs daarvan nie. Die rede is dat hulle glo dat elkeen nog daaglik die Torah ontvang, naamlik die openbaringe daarin, maar op *Shavuot* het YHVH eenmalig Sy Torah aan Israel gegee. Daarom word die gee van die Torah as ‘n geskenk van YHVH aan die mens beskou – die grootste en belangrikste van alles wat YHVH aan die mens gegee het!

Met die gee van die Torah by Sinai het Israel ‘n “nuwe” openbaring van die Almagtige ontvang. Tot op daardie stadium het hulle YHVH hoofsaaklik geken as die Skepper en die Almagtige. Hulle het YHVH se vermoëns en Sy almag geken soos dit ondermeer aan hulle met die bevryding uit Egipte openbaar gemaak is. Met die gee van die Torah het YHVH egter Sy karakter en hoedanighede aan hulle openbaar. Dit was die begin om die God van Abraham, Isak en Jakob waarlik te leer ken, asook wat Hy van elkeen vereis ten opsigte van ‘n leefwyse as geregverdigdes. Torah is ook aan Israel gegee sodat elkeen YHVH se plan van redding en herstel deur Yeshua Messias kan ontdek. Daarom het Yeshua aan die Jode gesê:

want as julle Moshe geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskryf. Aangesien julle nie glo wat hy geskryf het nie, hoe gaan julle glo wat Ek sê? Joh. 5:46 en 47.

Paulus het ook aan Timotheus geskryf:

Bly jy egter in daardie dinge wat jy geleer het en waarvan jy seker is omdat jy weet van wie jy geleer het en omdat jy van kindsbeen af die afgesonderde Geskrifte geleer is wat jou wys kan maak tot die Lewe in die vertroue van Yeshua, Die Gesalfde Een. 2 Tim. 3:14 en 15.

Die Torah is YHVH se spieël waarin elkeen die Vader as volmaak en afgesonderd sien, maar waar elkeen ook ‘n besef kry van eie onvermoë om aan YHVH se standaard te voldoen. Uit eie krag kan geen mens in alle opsigte aan Torah gehoorsaam wees en daardeur gered (geregverdig) word nie (Gal. 3:11). Redding is alleen moontlik deur vertroue in Yeshua as die Lam van YHVH (Rom. 5:1). Daarom is Israel gered deur die geslagde lam en deur die bloed van die Lam wat aan die deurkosyne van hul huise gesmeer was. Dit kan gesien word as Israel se ‘wedergeboorte’!

Die doel van die Torah van Moses was om Israel te onderrig in ‘n leefwyse van geregtigheid, maar wie egter in een opsig sou struikel was skuldig aan oortreding van die hele wet (Jak. 2:10). Hoewel Torah afgesonder, goed en regverdig is (Rom.7:12), het almal skuldig gestaan teenoor oortreding van die wet en dit is wat sonde is (1 Joh. 3:4). Die Torah het elkeen dus aangekla, geoordeel en gevonnissen. Dit is van hierdie skuldbrief wat Yeshua die mens kom bevry het deur dit aan die folterpaal vas te nael (Kol. 2:14). Messias het ons oordeel en vonnis op Hom geneem sodat ons die geregtigheid van YHVH in Yeshua Messias kan wees (2 Kor. 5:21). Die wet van die Gees van Lewe wat in Yeshua is, het ons vrygemaak van die wet van die sonde en die dood.

Daar is daarom geen veroordeling in Yeshua, Die Gesalfde Een, vir dié wat nie in die vlees leef nie, want die wet van die Gees van Lewe, wat in Yeshua, Die Gesalfde Een, is, het jou

vrygemaak van die wet van die sonde en van dood, want omdat die wet swak was, deur die sieklikeid van die vlees, het God Sy Seun in die vorm van die sondige vlees gestuur, as gevolg van sonde, om die sonde in Sy vlees te veroordeel sodat die onpartydige opregtheid van die wet volledig gemaak kon word in ons sodat ons nie na die vlees leef nie, maar na die Gees. Rom. 8:1 tot 4.

Die wet van die Gees van Lewe, wat in Yeshua is, is die Torah van Yeshua. Die Torah van Moses was op kliptafels geskryf, maar die Torah van Yeshua is op die tafels van ons harte geskryf (Heb. 8:10).

Shavuot – Profetiese Vervulling

Eeue later, tydens die eerste viering van *Shavuot* na Yeshua se hemelvaart, het YHVH Sy Gees, die Afgesonderde (Heilige) Gees uitgestort. Die belofte waarvan Yeshua sy disippels vertel het, het waar geword.

Terwyl Hy saam met hulle brood geëet het, het Hy hulle beveel om nie van Yerushalayim af weg te gaan nie, maar om: “Te wag op die belofte van die Vader, wat julle van My gehoor het,

want Yoganan het met water gedoop, maar julle sal, nie baie dae hierna nie, met die Gees van Afsondering gedoop word.”

Toe hulle saam met Hom was, vra hulle vir Hom en sê: “Ons Meester, gaan U in hierdie tyd die koninkryk van Yisra’el herstel?”

Hy antwoord hulle: “Dit is nie vir julle om die vasgestelde tye te ken wat die Vader deur Sy eie Outoriteit bepaal het nie,

maar wanneer die Gees van Afsondering oor julle kom sal julle krag ontvang en julle sal My getuies wees in Yerushalayim en in die hele Y’udah en ook in Shomron en tot by die grense van die aarde.” Hand. 1:4 tot 8

Daarom lees ons in Hand. 2:1 tot 4

Toe die dae tot by die Fees van weke (Shavu’ot)¹ voltooid was, was hulle almal as een bymekaar en daar kom skielik uit die hemel ’n klank soos van ’n magtige stormwind en dit het die hele huis, waarin hulle gesit het, gevul. Daar verskyn aan hulle tonge soos van vuur, wat self verdeel en op elkeen van hulle gaan sit en hulle is almal volgemaak met die Gees van Afsondering³ en het begin praat in verskillende tale, soos die Gees aan hulle gegee het om te praat.

Op die eerste *Shavuot* na Yeshua se hemelvaart het YHVH deur Sy Gees die Torah geskryf op die tafels van die harte van die wat glo in die vleesgeworde Messias wat vir die sondes gesterf en uit die dood opgestaan het. So het die belofte van die hernieuwe (nuwe) verbond in vervulling gekom.

Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, sê Yahweh, dat Ek met die huis van Yiesraél en die huis van Yehudah 'n nuwe verbond tot stand sal bring, nie volgens die verbond wat Ek met hulle vaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand geneem het om hulle uit Mietsrayiem uit te lei nie; want hulle het nie gebly by my verbond nie, en Ek het hulle veronagsaam, sê Yahweh. Want dit is die verbond wat Ek na daardie dae sal sluit met die huis van Yiesraél, sê Yahweh: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skryf; en Ek sal vir hulle 'n Elohiem wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer en sê: Ken Yahweh nie; want almal sal My ken, klein

en groot onder hulle. Want Ek sal barmhartig wees oor hulle wetteloosheid en aan hulle sondes en hulle oortredinge nooit meer dink nie. Heb. 8:8 tot 12 – Woord en Getuienis.

YHVH se Afgesonderde Gees is ook eenmalig soos die Torah gegee (uitgestort), maar ons ontvang dit ook steeds daaglik. Soos Torah ‘n “geskenk” van die Vader is, net so is Sy Afgesonderde Gees ook ‘n “geskenk” aan elke gelowige in Yeshua Messias. Elkeen wat wedergebore is en vra, sal hierdie genadegawe ontvang (Luk. 11:13).

Die Afgesonderde Gees help ons om die geheimenisse in YHVH se Woord te ontdek en herinner ons aan dit wat die Vader gesê het (Joh.14:26; Joh. 15:26). Die volgelinge van Yeshua was op die dag van *Shavuot* bymekaar om die gee van die Torah te gedenk toe die Gees van YHVH op hulle uitgestort was en hulle almal op ‘n sigbare en bewustelike wyse daarmee gevul was. Dit was vir elkeen teenwoordig ‘n “nuwe” openbaring van die Vader, asook die ontvangs van die krag om getuies te wees. Ons kan dus duidelik die verband tussen die gee van Torah by Sinai en die gee (uitsorting) van die Afgesonderde (Heilige) Gees in Jerusalem op *Shavuot* sien.

Die Vader se belofte van sondevergifnis deur die kosbare bloed van Yeshua, en dus bevryding van die oordeel omrede geen mens volkome aan Torah gehoorsaam kan wees nie, asook die belofte van die Torah wat op gelowiges se harte geskryf is, is vervul. In Messias is *Sahvuot* vervul, want Hy is die Een wat ons met die Afgesonderde Gees doop (Matt. 3:11 en Joh. 1:33). Die wat met die Gees van YHVH gevul is, tree in ‘n verhouding met die Vader wat op geen ander wyse moontlik is nie. Die resultaat van hierdie verhouding is om die Vader waarlik intiem te ken, die Vaderhart te kan verstaan en om in alles aan Hom te wil en te kan gehoorsaam wees.

Die uitstorting van die Afgesonderde Gees is ‘n afbeelding en herinnering dat elkeen wat wedergebore en met die Afgesonderde Gees gevul is, die eersteling van YHVH se oes is (Rom. 8:23; Jak. 1:18). Die gelowige in Messias is die arbeider wat moet help om hierdie oes in te samel (Matt. 9:38; Luk. 10:2). Vir dié doel het YHVH Sy Gees gegee om elkeen toe te rus vir hierdie taak.

Hierdie *eersteling* word toegerus met:

- Liefde vir YHVH Yeshua en medemens (2 Tim. 1:7).
- Krag en selfbeheersing (Hand. 1:8; 2 Tim. 1:7).
- ‘n Begeerte tot gehoorsaamheid aan YHVH weens liefde vir Hom (Joh. 14:21 en 23).
- Onderskeiding tussen die waarheid en die leuen (Joh. 15:26; Joh. 16:13).

As deel van die offer tydens *Shavuot* moes daar ondermeer twee brode wat met suurdeeg gebak was as beweegoffer aan die YHVH gebring word (Lev. 23:17 en 18). Die twee brode is ‘n afbeelding van die gelowiges onder die ou verbond en dié onder die hernieude (nuwe) verbond. Suurdeeg verwys na sonde en die feit dat die brode met suurdeeg gebak was, is ‘n afbeelding van gelowiges wat, ten spyte van hulle sondes, wel deur die Vader se genade vrygespreek word.

Elkeen wat Yeshua as Verlosser aanneem, het ‘n Pesag (Pasga) ondervinding. Dit word gevolg deur die aflegging van die ou natuur van sonde deur aan die Torah van Yeshua gehoorsaam te wees. Soos Israel uit Egipte verlos is, so word elkeen deur geloof in Yeshua as Messias verlos van die slawejuk van sonde. Dan moet ons eet van die Ongesuurde Brood van

afsondering en volmaaktheid. Wanneer ons van hierdie Manna uit die hemel eet, kan ons die doping met die Afgesonderde Gees ontvang en die krag van die inwonende Gees van YHVH in ons lewens ervaar om afgesonder en rein te lewe.

Die eerste vier Vasgestelde Tye het dus reeds in Messias in vervulling gekom. Hierdie feeste word vergelyk met die vroeë reën (Jer. 5:24; Hos. 6:3). Ons het die versekering dat die oorblywende drie feeste, wat die laat reën verteenwoordig, ook in Messias in vervulling sal kom. Elke gelowige sien met afwagting uit na die laaste feesseisoen!

Bepeins of Bespreek

1. Hoe weet jy en ek dat ons met die Afgesonderde Gees van YHVH gedoop (gevol) is? Is die spreek in vreemde tale die enigste bewys? Word daar nie deur Pinkstergroepe te veel klem op die spreek in tale geplaas nie? Is die gee van Torah (die wet) nie inherent deel van die uitstorting van YHVH se Gees nie? Onthou Yeshua Messias is die Lewende Torah en Hy is die een wat met die Afgesonderde Gees ook doop! Die twee kan nie van mekaar geskei word nie!
2. Tradisioneel het die Joodse kind se “skoolopleiding” (Torah onderrig) op dié dag van Shavuot begin. Lekkernye in die vorm van letters van die Hebreeuse alfabet, asook heuning is aan die kind gegee. Dit herinner ons aan . Ps. 119:103 tot 105

Hoe soet is U boodskappe om te proe, soeter as heuning in my mond. Deur U instruksies kry ek verstand; daarom haat ek die lewenswyse van die bose. U boodskap is 'n lamp vir my voet en 'n lig op my pad.

Is YHVH se Torah vir jou so soet soos heuning?

Toe het Hy vir my gesê: “Seun van 'n mens, eet wat jy vind; eet hierdie boekrol en gaan praat met die huis van Yisra'el.” Ek het my mond oopgemaak en Hy het my dié rol gevoer. Hy het vir my gesê: “Seun van 'n mens, voed jou maag en vul jou liggaam met hierdie boekrol wat Ek vir jou gee.” Toe het ek dit geëet en dit was soet soos heuning in my mond. Eseg. 3:1 tot 3.

Die Torah En Die Afgesonderde Gees

Wat is die verband tussen die gee van die Torah en die gee (uitstorting) van die Afgesonderde Gees op *Shavuot* (Pinksterdag)? Ons kan hierdie vraag ook anders stel, naamlik: Waarvan is die gee van die Torah by die berg Sinai 'n sinnebeeld (afbeelding, heenwysing)? Dan moet ons ook vra: Wat is die verband tussen Torah, die Afgesonderde Gees en die gawes van die Afgesonderde Gees? Hoe is dit alles in die nuwe verbond vervul?

Hierdie vrae kan ons vra in die lig daarvan dat in die ou verbond 'n heenwysing na die nuwe verbond is. Met ander woorde: In die ou verbond is die nuwe verbond verskuil en in die nuwe verbond word die ou verbond openbaar en bevestig. Daar is altyd 'n verband tussen die oue en die nuwe.

Onthou die dinge wat van ouds af was, want Ek is God en daar is geen ander nie; Ek is God en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af die einde verklaar en van die ou tyd af dinge wat nog nie gedoen is nie; wat sê: ‘My plan sal stand hou en Ek sal al My begeertes uitvoer. Jes. 46:9 en 10.

Hierdie waarheid kom duidelik na vore in die Vasgestelde Tye van YHVH soos in Levitikus 23 beskryf word. So byvoorbeeld weet ons dat Pesag van die ou verbond 'n afbeelding en heenwysing is na Yeshua Messias, die Lam van God, en van YHVH se genadeplan van

sondevergifnis, versoening en herstel. Pesag van die nuwe verbond is bevestiging van die vervulling van hierdie belofte. Vir elkeen wat glo in die versoening deur die bloed van Yeshua, die Pesaglam van YHVH, is daar vergifnis en bevryding van die slawejuk van sonde.

Net so leer ons uit die Vasgestelde Tyd van Ongesuurde Brood dat dit simbolies is van 'n lewe as geregverdigde in Yeshua Messias, asook 'n heenwysing na Yeshua as die Brood van die Lewe (Joh. 6:35). Dit is 'n afbeelding van die proses om alle sonde (suurdeeg) uit ons lewe te verwyder, sodat ons afgesonder (1 Pet. 1:15 en 16) en volmaak kan wees (Matt. 5:48). Dit is die proses om van alle ongeregtigheid gereinig te word (1 Joh. 1:9), naamlik om te eet van die Boom van die Lewe (die Brood van die Lewe). Yeshua is ons Ongesuurde Brood – die Boom van Lewe wat dit vir ons moontlik maak om dood vir die sonde te wees (Rom. 6:11 en 12).

Ons weet ook dat die Vasgestelde Tyd van die Eerstelingsgerf 'n heenwysing is na Yeshua Messias wat na Sy opstanding as die *Eerstelingsgerf* aan YHVH as wuifoffer gebring was. Die opstanding van Yeshua is die vervulling van die Fees van die Eerstelingsgerf (1 Kor. 15:20 tot 23) en van die siele-oes van gelowiges. Yeshua is ook die Eerste om uit die dood op te staan met 'n verheerlikte liggaam (Joh. 20:17).

Opsommend: Elk van die sewe feeste van YHVH is 'n profetiese afbeelding van een stap in die Vader se totale reddingsplan van versoening en herstel deur Yeshua Messias. Hierdie afspraak van Vasgestelde Tye op YHVH se kalender is 'n afbeelding van dit wat reeds gebeur het, dit wat tans gebeur en dit wat nog gaan gebeur in YHVH se plan om die verhouding tussen Hom en die mens te herstel tot soos dit was voor die sondeval. In hierdie verlossings- en herstelplan is Yeshua Messias die middelpunt (die Middelaar). Uit die eerste drie sien ons duidelik die verwantskap tussen die Vasgestelde Tye en hoe dit in die nuwe verbond vervul is, naamlik:

- Pesag: Yeshua die Lam van YHVH.
- Fees van Ongesuurde Brood: Yeshua die Brood van die Lewe en van 'n lewe as afgesonder vir YHVH (heiligmaking).
- Fees van die Eerstelingsgerf: Yeshua die Eersteling van YHVH se siele-oes en van 'n mens met 'n verheerlikte liggaam.

Ons kom dan terug na ons vraag wat aan die begin gevra is, naamlik: Waarvan is die gee van die Torah by die berg Sinai 'n sinnebeeld (heenwysing)? Hoe is dit in die nuwe verbond vervul? Telkens wanneer ons *Shavuot* gedenk, is dit noodsaaklik dat ons hierdie vrae vra en dit beantwoord.

Ten opsigte van die instelling van *Shavuot* het YHVH ondermeer aan Moses die volgende gesê:

Julle moet tel van die dag ná die Shabbat, van die dag af wanneer julle die gerf van die waaioffer bring, sewe Shabbatte moet voltooi wees; tot die dag ná die sewende Shabbat moet julle vyftig dae tel; dan moet julle 'n nuwe graanoffer tot יהוה bring.

Julle moet op daardie selfde dag ook 'n verklaring maak: dit is 'n afgesonderde byeenkoms vir julle; julle mag géén gewone werk doen nie. Dit is 'n ewige instelling oral waar julle bly, regdeur julle geslagte. Lev. 23:15, 16 en 21.

Soos reeds bespreek is, staan hierdie Afspraak met Vader-God ook bekend as die Fees van Weke (Eks. 34:22) en in Hebreeus as *Shavuot* wat *weke* beteken en wat afgelei is van die tel van die Omer (die sewe weke, naamlik $49+1=50$ dae) vanaf die Vasgestelde Tyd van die Eerstelingsgerf (Lev. 23:15 en 16) tot en met *Shavuot*. Die woord *Pinkster* is afkomstig van die Griekse woord *Pentekoste* wat *vyftigste* beteken.

Die Torah is 'n geskenk van YHVH omrede dit al Sy onderrig en instruksies bevat. Dit is nie net 'n lys van moets en moenies nie, maar is soos die liefdevolle onderrig, instruksies en wysheid van 'n vader aan sy kinders. 'n Vader leer sy kinders, en stel die voorbeeld, van hoe om suksesvol en voorspoedig (geseënd) te lewe. Dit is die doel van Torah. Ongelukkig skep die vertaling van die woord *Torah* as *die wet* 'n totaal verkeerde indruk.

YHVH is Gees en die tien woorde (gebooië) wat Hy by Sinai gespreek het, is inherent 'n deel van Sy Gees. Hierdie woorde was Yeshua wat die Woord van YHVH is (Joh. 1:1 en 14) en wat sigbaar op die kliptafels geword het. Dit was die vinger van YHVH wat op die kliptafels geskryf het (Ex. 31:18). Hierdie tien gebooië vorm die basis van al YHVH se onderrig, instruksies en wysheid.

Ten opsigte van die gebeure by Sinai skryf Eddie Chumney in sy boek "The Seven Festivals of the Messiah" (<http://www.hebroots.com/sevenfestivals.htm>) die volgende:

In the Midrash, which is a rabbinical commentary on the Scriptures, in *Exodus Rabbah* 5:9, it says:

When G-d gave the Torah on Sinai He displayed untold marvels to Israel with His voice. What happened? G-d spoke and the voice reverberated throughout the whole world... It says, And all the people witnessed the thunderings [Exodus (Shemot) 20:18].

Note that it does not say "the thunder" but "the thunderings"; wherefore, R. Johanan said that G-d's voice, as it was uttered split up into seventy voices, in seventy languages, so that all the nations should understand...

In Deuteronomy [*Devarim*] 32:8 it is written, "When the Most High divided to the nations their inheritance, when He separated the sons of Adam, He set the bounds of the people according to the number of the children of Israel." In Exodus (*Shemot*) 1:1-5, we can see that the number of the children of Israel who came to Egypt was 70. Therefore, the 70 voices as interpreted by R. Johanan represented all the nations of the world, based upon Deuteronomy (*Devarim*) 32:8 and Exodus (*Shemot*) 1:1-5. So, it was seen that G-d's voice split up into the languages of all the people on the earth to be a witness to them.

In the book *The Midrash Says*, by Rabbi Moshe Weissman, the author wrote:

In the occasion of Matan Torah [the giving of the Torah], the Bnai Yisrael [children of Israel] not only heard Hashem's [the L-rd's] Voice but actually saw the sound waves as they emerged from Hashem's [the L-rd's] mouth. They visualized them as a fiery substance. Each commandment that left Hashem's [the L-rd's] mouth traveled around the entire Camp and then to each Jew individually, asking him, "Do you accept upon yourself this Commandment with all the halochot [Jewish law] pertaining to it?" Every Jew answered "Yes" after each commandment. Finally, the fiery substance which they saw engraved itself on the luchot [tablets].

Let veral daarop hoe Judaïsme die gee van die Torah deur die hoorbare stem van YHVH beskryf, naamlik: Hulle het die stem van YHVH as ‘n *fiery substance* (vlammende substans of wese) gevisualiseer. Hierdie vuur het na elke persoon gekom en hierdie vuur het die Torah op die kliptafels gegraveer (ingebrand). Begin jy die Pinksterverband soos dit in Handeling 2 beskryf word, sien?

Met bogenoemde as agtergrond kan daar nou gekyk word na die profetiese vervulling van *Shavuot*, asook na die verband tussen die gee van Torah, die uitstorting van die Afgesonderde Gees en die gewes (werking) van die Afgesonderde Gees.

Shavuot – Profetiese Vervulling

Dit is baie belangrik om die volgende te onthou: Die volgeling van Yeshua was op die dag van *Shavuot* bymekaar om die gee van die Torah te gedenk!! Soos Israel van ouds het hulle hulself ook voorberei vir hierdie afspraak (ontmoeting) met YHVH. Waarskynlik het hulle hierdie keer ‘n verwagte verlangete gehad na die belofte wat Yeshua hulle aan herinner het voordat Hy in die hemel opgeneem is, naamlik:

Terwyl Hy saam met hulle brood geëet het, het Hy hulle beveel om nie van Yerushalayim af weg te gaan nie, maar om:¹ “Te wag op die belofte van die Vader, wat julle van My gehoor het, want Yoganan het met water gedoop, maar julle sal, nie baie dae hierna nie, met die Gees van Afsondering gedoop word.” Hand. 1:4 en 5.

Ons lees ook: *Hulle almal het eendragtig volhard in gebed en smeking (Hand. 1:14).*

Dan lees ons die volgende in Hand. 2:1 tot 4:

Toe die dae tot by die Fees van weke (Shavu’ot)¹ voltooid was, was hulle almal as een bymekaar en daar kom skielik uit die hemel ‘n klank soos van ‘n magtige stormwind en dit het die hele huis, waarin hulle gesit het, gevul. Daar verskyn aan hulle tonge soos van vuur, wat self verdeel en op elkeen van hulle gaan sit en hulle is almal volgemaak met die Gees van Afsondering³ en het begin praat in verskillende tale, soos die Gees aan hulle gegee het om te praat.

Soos Israel van ouds by die berg Sinai het die volgeling van Yeshua die sigbare manifestasie van YHVH die Almagtige gesien en gehoor. Dit was soos ‘n *geweldige rukwind en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het*. Net soos Israel van ouds het die gelowiges in Yeshua ook die manifestasie van YHVH se woorde soos tonge van vuur gesien! Anders as met Israel by die berg het die vuur van YHVH nie die Torah op kliptafels geskryf nie, **MAAR** op die tafels van die harte van elke gelowige in Yeshua!! Dit was die vervulling van die profesie deur Jeremia:

Let op, daar kom dae,” verklaar יהוה, “wanneer Ek met die huis van Yisra’el en die huis van Y’udah ‘n nuwe verbond sal sluit, nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle aan die hand gevat het om hulle uit die land van Mitzrayim uit te bring nie; My verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ék Meester oor hulle was,” verklaar יהוה. Hierdie is egter die verbond wat Ek ná daardie dae met die huis van Yisra’el sal sluit,” verklaar יהוה: “Ek sal My wet binne-in hulle sit en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en Ek sal hulle God wees en hulle sal My volk wees. Hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: ‘Ken יהוה,’ want hulle sal My almal ken, van die kleinste tot die grootste van hulle,” verklaar יהוה, “want Ek sal hulle oortredinge vergewe en hulle sondes nie meer onthou nie.” Jer. 31:31 tot 34 (Verwys Heb. 8:8 tot 12).

YHVH het hierdie keer nie **tot** Sy volk gespreek nie, maar het **in en deur** hulle gespreek. Hulle het begin spreek in ander tale, naamlik in die moedertaal van die verskillende mense wat teenwoordig was:

Hulle was almal verbaas en verwonderd en sê vir mekaar: "Let op, is almal wat daar praat, dan nie van die Galil nie en hoe hoor ons hulle, elkeen in ons eie geboortetaal?"

(Parthiane, Mede, `Eilamiete (Perse), die inwoners van `Aram Naharayim, Y`udah, Kappadokia en van die streke van Pontos en Asië, van die streke van Frugia, Pamfulia, Mitzrayim en van die streke van Libue wat naby Kurene is en hulle wat gekom het van Rome, Jode sowel as proseliete, vanaf Krete en Arabiere.) "Let op, ons hoor hulle in ons eie tale oor die groot daad van God praat!

Hulle was almal verbaas en verwonderd en sê die een vir die ander: "Wat is hierdie gebeurtenis?"

Ander het met hulle gespot en gesê: "Hulle het nuwe wyn gedrink en is dronk." Hand. 2:7 tot 12.

Kan jy die verband sien met wat by Sinai gebeur het? Onthou hoe die gebeure by Sinai deur Judaïsme verduidelik word, naamlik dat YHVH se stem verdeel is in die tale van die verskillende volke sodat elkeen dit in sy eie taal kon hoor. Die woorde van YHVH het dus op Shavuot – dieselfde dag as wat YHVH Sy Torah gegee het – ook verdeel in tonge van vuur van verskillende tale wat op elkeen gaan sit het. Daarom het die omstanders gehoor hoe daar in sy eie moedertaal oor die groot daad van YHVH gespreek word (Hand. 2:12). Hulle het die woorde van YHVH soos deur die Gees aan elkeen gegee is gespreek. Hierdie was die woorde van Torah – YHVH se onderrig en instruksies.

Dit wat by die berg Sinai met die gee van Torah 'n uiterlike ervaring was, het nou met die gee van die Afgesonderde Gees ook 'n innerlike ervaring geword. Dit is 'n innerlike ervaring wat uitwendig sigbaar geword het. Die Torah was nou in hulle verstand gegee en in hulle harte geskryf. Die gee van die Torah en die gee van die Afgesonderde Gees het nou 'n innerlike werklikheid geword.

Daar het egter meer as net dit gebeur. Die belofte van die Afgesonderde Gees wat YHVH se krag sal wees, sodat elkeen 'n kragtige getuie (Hand. 1:8) van die Ewangelie (die Goeie Boodschap) kan wees, het hulle nou gevul. Dit was dieselfde Gees wat Yeshua die lewende Torah gemaak het. Hulle het nie net die letter van Torah ontvang nie, maar ook die Gees van Torah. Dit wat hulle gesien en beleef het as die krag van Yeshua, het nou ook van hulle lewens besit geneem. Yeshua se woorde (profesie) in Joh. 14:16, 17, 25 en 26 het waar geword:

En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.

Dit het Ek tot julle gespreek terwyl Ek by julle bly; maar die Trooster, die Afgesonderde Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. AOV, 1953

Ons is bekend met die ou Afrikaanse vertaling wat verwys na die Afgesonderde (Heilige) Gees as *die Trooster*, maar die PWL-Vertaling vertaal dit as die *Bevryder en Lewegewer*.

Ek sal die Vader vra en Hy sal vir julle 'n ander Bevryder en Lewegewer gee om by julle te bly tot in ewigheid. Hy is die Gees van die Waarheid, wat die wêreld nie kan ontvang nie omdat dit Hom nie gesien het of Hom geken het nie, maar julle ken Hom omdat Hy by julle bly en in julle is.

Hierdie dinge het Ek vir julle gesê terwyl Ek by julle is, maar die Bevryder en Lewegewer, die Gees van Afsondering, wat My Vader in My Outoriteit en Karakter sal stuur, sal julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.

Op *Shavuot* is Yeshua se volgelinge met die Gees van die Bevryder en Lewegewer gevul. Dit is die Gees van die Waarheid wat van Yeshua, die lewende Torah, sal getuig:

Wanneer die Bevryder en Lewegewer, wat Ek vir julle van My Vader se Teenwoordigheid af sal stuur, die Gees van die Waarheid, Hy wat van die Teenwoordigheid van My Vader af uitgaan, gekom het, sal Hy van My getuig. Joh. 15:26.

Die uitstorting van die Afgesonderde Gees is tot die gelowige se voordeel (Joh. 16:7), want dit sou in die plek van Yeshua as Leermeester (Bevryder en Lewegewer) kom en ook die krag van YHVH wees om in gehoorsaamheid te lewe.

Shavuot van die ou verbond was dus net 'n skaduwee van toekomstige dinge (Kol. 2:16 en 17). Hierdie skaduwee het onder die nuwe verbond plek gemaak vir die Lig van die Afgesonderde Gees wat YHVH se Torah, naamlik Yeshua die vleesgeworde Woord, in ons verstand gegee het en dit op ons harte geskryf het.

Laat ons dan ook nie die woorde in Heb. 1:3 vergeet nie wat wat Yeshua beskryf as die afskynsel (weerkaatsing) van YHVH se heerlikheid en die afdrukkel van Sy wese en wat alle dinge dra (onderhou) **deur die Woord van Sy krag**. Yeshua is die Boodskap (Woord) (Joh. 1:1 en 14) en hierdie Boodskap, naamlik die Torah van Yeshua is 'n weerkaatsing van YHVH se heerlikheid en 'n afdrukkel van Sy wese en die krag wat alle dinge in stand hou!!

In Yeshua het die Torah en die Afgesonderde Gees as eenheid gefunksioneer en gemanifesteer. Yeshua was as mens die lewende Torah en die krag van YHVH. Nou vir die eerste keer, met die uitstorting van die Afgesonderde Gees, kon die letter van Torah en die Gees van Torah ook 'n eenheid in elke gelowige se lewe word. Dit is die *Shavuotseën* (Pinksterseën) wat die Vader uit genade aan ons elkeen skenk en wat elkeen sal ontvang wat glo (Joh. 7:39). Beide die Torah en die Afgesonderde Gees is 'n geskenk van YHVH ons Vader wat ons deur Yeshua ons Messias ontvang.

Tydens *Shavuot* gedenk ons ook soos Israel van ouds die gee van die Torah, maar ons gedenk ook die gee van die Afgesonderde Gees wat in ons uitgestort is om kragtige getuies – in gedagtes, woorde en dade – van Torah te wees. Torah sonder die Afgesonderde Gees is dood, maar Torah met die Afgesonderde Gees is ware Lewe – die Boom van die Lewe!!

Nie dat ons uit onself bekwaam is om iets as uit onself te bedink nie, maar ons bekwaamheid is uit God, wat ons ook bekwaam gemaak het as dienaars van 'n nuwe verbond, nie van die letter nie, maar van die Gees; want die letter maak dood, maar die Gees maak lewend.

Nie dat ons uit onself genoeg is om enige iets van onself te dink nie, maar ons krag is uit God, wat ons waardig gemaak het om bedienaars van die nuwe verbond te wees, nie deur wat

geskryf is nie, maar deur die Gees, want die geskrewe woord maak dood, maar die Gees gee lewe. 2 Kor. 3:5 en 6.

Gevul met die Afgesonderde Gees kan elkeen 'n Torah-gehoorsame lewe leef. Dan word Torah 'n vreugde, want ons leef dit sonder die oordeel van die oortreding daarvan. Wanneer ons wel weens menslike swakhede YHVH se Torah oortree, is daar die genade van vergifnis in Yeshua (1 Joh. 1:8 tot 10).

YHVH het ons deur Yeshua Messias gered en vrygespreek sodat ons met die Afgesonderde Gees gevul kan wees om Torah te kan verstaan (dit is in ons verstand gegee) en Torah as hartsbegeerte te kan leef (dit is op ons hart geskryf). Die wet van die Gees van lewe in Yeshua Messias het ons vrygemaak van die wet van sonde en oordeel (Rom. 8:2). Nou kan ons as vrygespreektes volgens Torah leef – nie volgens die letter van die wet nie, maar in die *nuwigheid van die Gees* (Rom. 7:5 en 6), want Torah is nie meer op kliptafels geskryf nie, maar op ons harte.

For when we were living according to our old nature, the passions connected with sins worked through the Torah in our various parts, with the result that we bore fruit for death. But now we have been released from this aspect of the Torah, because we have died to that which had us in its clutches, so that we are serving in the new way provided by the Spirit and not in the old way of outwardly following the letter of the law (Rom. 7:5 and 6 – Complete Jewish Bible)

Die Torah (die wet) en die Afgesonderde Gees is eenmalig gegee, maar ons ontvang daaglik die openbaringe van YHVH se liefdevolle onderrig en instruksies en ons word daaglik gevul met die krag, wysheid en insig van YHVH se Gees. Dit is die vreugde van *Shavuot* wat ons gedenk!!

Die Fees van *Shavuot* (Pinkster) is dus nog 'n profetiese vervulling van YHVH se totale reddings- en herstelplan vir die mens. **Dit is die dag toe YHVH Sy Torah op die harte van die eerste dissipels van Yeshua geskryf het en Hy hulle met Sy Gees gevul het om die werke van Yeshua Messias hier op aarde voort te sit.** Met Torah in hul verstand en hart, en gevul met die Afgesonderde Gees, kon die krag van YHVH in en deur hulle manifesteer. Hierdie twee saam, naamlik Torah en die Afgesonderde Gees vorm die basis vir die gawes (werking) van die Afgesonderde Gees.

Op *Shavuot* was die Apostels bemagtig om die evangelie van die reddende genade in Yeshua te verkondig en almal te leer om Torah-gehoorsam te lewe (Matt. 28:19). Nou was hulle bemagtig vir die gawes van die Afgesonderde Gees om deur hulle te manifesteer (Mark. 16:15 tot 20). Nou kon die liggaam (die gemeente) van Yeshua as 'n eenheid en as 'n kragtige werktuig in Vader-God se hand funksioneer:

maar julle is die liggaam van Die Gesalfde Een en ledemate op julle plekke. God het in Sy gemeente geplaas: eerstens afgevaardigdes, na hulle profete, na hulle leermeesters, na hulle werkers van wonderwerke, na hulle gawes van gesondmaking, helpers, leiers en verskillende tale. Is almal van hulle afgevaardigdes? Is almal van hulle profete? Is almal van hulle leermeesters? Is almal van hulle werkers van wonderwerke? Het almal van hulle die gawes van gesondmaking? Praat almal van hulle in tale? Vertaal almal van hulle? 1 Kor. 12:27 tot 30.

Die Afgesonderde Gees en Torah is YHVH se geskenk vir elkeen wat glo en dit begeer. Vader-God het deur Yeshua Sy Torah in ons verstand gegee, dit op ons harte geskryf en ons met Sy Afgesonderde Gees gevul sodat Torah en Sy Gees as eenheid saam kan funksioneer!!

Daarom is *Shavuot* ook die vervulling van die profesie in Eseg. 36:25 tot 29. Luister na hierdie woorde:

Dan sal Ek skoon water op julle sprinkel en julle sal skoon wees; Ek sal julle van al jul vuilheid en van al jul afgode reinig.

Verder sal Ek vir julle 'n nuwe verstand, wil en emosie gee en 'n nuwe gees in jul binneste en Ek sal die verstand, wil en emosie van klip uit julle vlees wegvat en vir julle 'n verstand, wil en emosie van vlees gee.

Ek sal My Gees in julle sit en julle in My instellings laat loop en julle sal versigtig wees om My wette na te kom.

Julle sal in die land wat Ek vir jul voorvaders gegee het bly; so sal julle My volk wees en Ek sal julle God wees.

Verder sal Ek julle red van al jul onreinheid en Ek sal roep na die koring en dit vermenigvuldig en Ek sal nie 'n hongersnood op julle bring nie.

Bepeins of Bespreek

1. Het jy al YHVH se Torah, Sy onderrig en instruksies, in jou hart ontvang? Is jy al gevul met YHVH se Gees om 'n kragtige getuie van Yeshua en van die Torah van Yeshua te wees sodat jy dit in gedagtes, woorde en daade kan leef en so die lippe, hande en voete van Yeshua kan wees, naamlik dat die gawes van die Afgesonderde Gees in en deur jou kan werk? Indien wel, dan het jy rede om *Shavuot* met vreugde en dankbaarheid te gedenk.
2. Op *Shavuot* het ons Vader 'n afspraak met jou en my!!! Wees daar om opnuut Sy Torah en Sy Afgesonderde Gees te ontvang!! Dit is albei of niks, want jy en ek kan nie kies watter een van die twee ons wil hê nie!!

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: kontak@nuweliëd.info

Webwerf: <http://www.nuweliëd.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.